

Hoe blinde mense lees

Louis Braille was 'n Franse seun. Toe hy drie jaar oud was, het hy 'n ongeluk gehad. Daar het 'n infeksie in sy oë gekom en hy het blind geword.

Toe hy vyftien jaar oud was, het hy eendag 'n stuk karton in die hande gekry. Op die karton was gaatjies gedruk. Dit was 'n kode wat 'n generaal in die nag gebruik het om boodskappe vir sy soldate te stuur.

Dit het Louis 'n idee gegee om ook so 'n kode vir blinde mense uit te werk. Hy het die Braille-alfabet geskryf, 'n sisteem van tot ses kolletjies wat van agter af op 'n papier gedruk word en dan aan die bokant uitstaan. Dit kan 63 kombinasies vorm. Dit spel al die letters van die alfabet, leestekens en getalle uit. Blinde mense lees dit deur met hulle vingers oor die kolletjies te voel.

Hy het selfs 'n kode ontwerp om musiek te skryf.

Blinde mense kom oor die weg met 'n wit kiere of 'n gidshond. Die hondjies word van kleins af opgelei om met die blindes te werk.

Blinde mense kan vandag op nog maniere "lees". Mense lees boeke voor en dit word dan opgeneem sodat blinde mense daarna kan luister. Nog 'n slim manier om te lees is 'n masjien wat 'n bladsy skandeer en dit dan praat.

Onthou, 'n blinde mens kan net nie sien nie. Dit beteken glad nie hy of sy is dom nie!

Beantwoord nou die volgende vrae mondelings nadat jy die leesstuk deeglik deurgelees het. Jy hoef nie die antwoorde te skryf nie.

1. Hou die leesstuk toe en kyk of jy kan onthou watter woord in elke blok was nie in die leesstuk nie.

blind	ses kolletjies	korporaal	Franse seun
doof	vyf kolletjies	generaal	Italiaanse seun

- Wie het die Braille-alfabet ontwikkel?
- Hoe het Louis blind geword?
- Hoe lees blinde mense braille-skrif?
- Wat is 'n gidshond?
- Hoekom dink jy gebruik blinde mense 'n wit kiere en nie sommer 'n bruin of swart een nie?
- Kan blinde mense musiek skryf? Antwoord Nee of Ja en gee dan 'n rede vir jou antwoord.
- Gestremde persone is nie net altyd blind nie. Noem 1 manier hoe jy 'n gestremde persoon kan help.

MEMO

1. Hou die leesstuk toe en kyk of jy kan onthou watter woord in elke blok was nie in die leesstuk nie.

blind	ses kolletjies	korporaal	Franse seun
doof	vyf kolletjies	generaal	Italiaanse seun

2. Wie het die Braille-alfabet ontwikkel? **Louis Braille het die Braille alfabet ontwikkel.**
3. Hoe het Louis blind geword? **Hy het 'n infeksie in sy oë gekry.**
4. Hoe lees blinde mense braille-skrif? **Deur met hul vingers oor kolletjies te voel.**
5. Wat is 'n gidshond? **Dit is honde wat opgelei word om met blinde mense te werk.**
6. Hoekom dink jy gebruik blinde mense 'n wit klerie en nie sommer 'n bruin of swart een nie?
Die kleur wit kan maklik gesien word/is helder. (enige soortgelyke antwoord)
7. Kan blinde mense musiek skryf? Antwoord Nee of Ja en gee dan 'n rede vir jou antwoord. **Ja, Louis Braille het 'n kode ontwerp sodat blinde mense musiek kan skryf.**
8. Gestremde persone is nie net altyd blind nie. Noem 1 manier hoe jy 'n gestremde persoon kan help. **(enige gepaste antwoord)**